KULTUUR

SENIORKOOR

Die doel van die aktiwiteit is om sangtalent van die leerders te ontgin en te ontwikkel. Aangesien dit ons missie is om leerders holisties te ontwikkel, is die kooraktiwiteit van onskatbare waarde, aangesien dit die kinders dissipline, deursettingsvermoë en uithouvermoë aanleer. Seniorkooroefeninge is vir Graad 4 - 7 leerders en vind plaas op Maandae en Woensdae van Januarie tot November. Daar word deelgeneem aan die Super 12 - Koorkompetisie, verskeie kunswedstryde, koorfeeste saam met ander skole se kore en ATKV Applous koorkompetisie. Oudisies word gehou aan die einde van elke jaar. Daar word na elke Graad 4-6 leerder wat graag in die koor wil sing, geluister. Aan die begin van 'n nuwe jaar, word daar na leerders geluister wat van ander skole af kom. Een van die hoogtepunte is ons koorkamp wat in Februarie plaasvind. Addisionele oefeninge vind ook plaas in die weke voor Super 12 wat gewoonlik in Meimaand is.

DOEL VAN SENIORKOOR

Die doel van koorsang is nie net om kinders holisties te ontwikkel nie, maar ook om kulturele grense oor te steek en 'n bewusmaking by elke leerder te kweek dat musiek 'n universele taal is. Ons kweek 'n liefde vir koorsang sodat hul in die Hoërskool en op Tersiêre vlak steeds 'n waardering daarvoor het. Dit is een van die min aktiwiteite waar hul tot op so hoë vlak steeds kan deelneem.

Om hierdie uiteindelik reg te kry, is die enigste beloning wat ons vir koorlede kan gee wat hard oefen, gereelde optredes. Prestasies kan by koorfeeste, kunswedstryde, Super 12 - Koorkompetisie en op nasionale vlak by die jaarlikse ATKV-Applous koorkompetisie verwerf word.

HOEKOM AAN SENIORKOOR DEELNEEM?

Koor ontgin 'n kind se persoonlikheid. Selfvertroue en 'n positiewe selfbeeld word gekweek. Deelname aan koor lei tot die ontwikkeling van selfdissipline en bevorder sosiale vaardighede. Kinders leer ook die waarde daarvan om hul talent met ander te deel.

TOOT TOOT!!